



N.G. Gemeente Vaalpark

Gebedsbulletin no 28

11 Julie 2021

In Christus – my identiteit (2)

God is in beheer

In Openbaring 4 wys Jesus vir Johannes die troonkamer in die Hemel, met die troon in die middelpunt van die heelal. Met alles wat gebeur, is daar steeds gesag in die middel van die heelal. Daar is Een wat op die troon sit. God is in beheer. Ons kyk na wat op die aarde gebeur en dink: Dit is chaos! Hoe kan daar beheer wees? Ons het 'n openbaring nodig om te sien wat regtig agter die skerms aangaan.

Paulus skryf in 2 Kor 4: 16-18: “Daarom gee ons nie moed op nie, maar al vergaan ons uiterlike mens ook, nogtans word die innerlike mens dag ná dag vernuwe... omdat ons nie let op die sigbare dinge nie, maar die onsigbare; want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig.”

Die posisie van ongekende guns

In Openbaring trek Jesus die gordyn weg en in hierdie witwarm teenwoordigheid van die allerheiligste God sit daar 24 ouderlinge. Dit simboliseer die Kerk van Jesus oor al die eeue heen – die 12 uit die Ou Testament en die 12 van die Nuwe Testament. Johannes sien die gelowiges, die Kerk van Jesus in die teenwoordigheid van God sit. Dit is ongehoord en ongekend. Niemand sit in die teenwoordigheid van God nie! Maar die Kerk van Jesus kry hierdie ongekende guns. Hulle sit op trone wat God vir hulle daar gestel het. En op hulle hoofde het hulle krone. Dit spreek van gesag wat hulle in Christus het. Die engele staan verbyster. Geskape wesens, net soos hulle, geniet 'n vlak van guns en genade wat nog nooit gesien is nie.

Klim af van die trone

Dan gebeur iets merkwaardig. “En elke keer as die lewende wesens heerlikheid en eer en danksegging gee aan Hom wat op die troon sit, wat tot in alle ewigheid lewe, en werp hulle krone voor die troon en sê: ”U is waardig, o Here, om te ontvang die heerlikheid en die eer en die krag, want U het alles geskape en deur U wil bestaan hulle en is hulle geskape”- Op 4:8-11. Ons praat graag oor hoe wonderlik hulle trone en hoe blink hulle krone is. Vir baie mense stop die bespreking oor die identiteit in Christus daar. Maar die gelowiges gee hierdie krone terug aan Hom aan wie dit behoort. Hulle klim van hulle trone af en lê op hulle aangesigte en aanbid Hom wat op die troon sit.

Gee alles oor

Gee Hy ons 'n nuwe identiteit? JA! Gaan dit oor hoe mooi en blink ons is? NEE! Dit gaan oor Hom – die liefling van ons lewens. Ons sing: “All for Jesus, All I am and have and ever hope to be, all of my ambition, hopes and plans, I surrender these into Your hands. For it is only in Your will that I am free. Jesus..” Hoor julle dit? I surrender these...”

Die oplossing vir ons verrotte lewens is dat ons sterwe en dat Hy in ons lewe. Kom ons praat liever oor hoe wonderlik Hy is. Daarin lê ons identiteit. Ek het my hart voor die Seun gebuig. Die enigste ambisie in my lewe is om Hom te aanbid wat op die troon is. – Riekert Botha.

Dankie!

- In Christus is ons nuwe identiteit!
- Dat Hy Sý lewe vir ons kom gee het en ons ou lewe in Hom geneem het toe Hy aan die Kruis in ons plek gesterf het!
- Vir álmal wat herstel en gesond geword het!
- Vir God se liefde, genade en goedheid!

Gemeente en algemene voorbidding:

- Vir ons predikante en hulle gesinne.
- Vir die gemeente bedieninge.
- Vir álmal wat covid het in ons land, maar ook in ons gemeente. Daar is só baie mense.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir ons president, regering en staatsdiens instellings vir wysheid.
- Vir die ekonomie, mense wat hulle werk verloor het en werkskepping.
- Vir die skole en onderwysers.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart.
- Vir Sy genade en ontferming oor ons in SA. Dat SA sal terugdraai na God met hulle hele hart!

Voorbidding

- Duan Vorster – Vir sy herstel en volkome genesing na sy groot operasie..
- Lottie Conradie en gesin – kry baie swaar. Het MS. Vir die Here se nabyheid.
- Maria Steyn – vir volkome genesing.
- Oom Sampie Swart – vir die nabyheid van die Here.
- Magriet du Plooy –vir volkome genesing. Vir nabyheid van die Here.
- Ria Putter – vir volkome genesing.
- Thea Bosman – vir volkome genesing.
- Karina van den Berg – vir volkome genesing. Sy het kanker.
- Monica – (Hantie Terblanché se dogter) – sy het kanker. Vir volkome genesing.
- Tannie Marinda Jordaan – sy het beroerte gehad. Vir spoedige en volkome herstel.
- Martin Kleinhans - Vir spoedige en volkome herstel.
- Johan Kotze – Vir volkome herstel en genesing.
- Mel Wilmans – ernstig in ICU met covid. Vir volkome genesing.
- Marius Fourie – het covid. Vir volkome genesing.
- Eugene Radyn – het covid. Vir volkome genesing.

Ons innige simpatie met Melissa en Driaan Pieters met die afsterwe van hul stiefma.

Gedagte vir die week:

Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie.

Hebr 11:1

Gebedsversoeke: Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor.
N.G.Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org

